Predikante en Amptenare Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR :1 van 2022

AAN : **ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS**

PENSIOENFONDSBYDRAES

U word weereens daaraan herinner dat die Predikante en Amptenare Pensioenfonds in Oktober 2020 saamgesmelt het. Nie net het hierdie samesmelting die administrasie van die Fonds vergemaklik nie, dit het ook oorhoofs, die koste laat daal.

Predikante en amptenare se voordele en premies verskil egter steeds van mekaar en u sal onthou dat predikante nou as kategorie 1 aangedui word en amptenare as kategorie 2.

Hierdie skrywe tref dieselfde onderskeid tussen die twee kategorieë en daarom moet u asseblief die skrywe so hanteer en nie byvoorbeeld, predikante in die amptenare se kategorie plaas nie en andersom. Daar kan nie tussen hierdie twee lidmaatskap kategorieë oorgeplaas word nie.

Met slegs een verskil gemeet teenoor 2021, is die goeie nuus dat ná die jongste hersiening van die voordele en kostes ontvang, daar geen verandering van laas jaar nie. Vir begrotingsdoeleindes, kan u dieselfde premies vir alle voordele gebruik soos dit tans op die web verskyn. (Die verskil is dat die administrasiekoste effe verhoog het maar u hoef nie hiervoor te begroot nie).

Volledigheidshalwe word hierdie inligting hieronder in tabel-formaat herhaal. Die veelvoud van voordele bly dieselfde soos vir 2021.

Kategorie 1 (Predikante)

Tipe Voordeel	Voordeel betaalbaar
Sterftevoordeel binne Fonds (“goedgekeurde” voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)	4 x pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris
Groeplewensversekering (“nie-goedgekeurde” voordeel en wat belastingvry uitbetaal)	4 x pensioengewende salaris
Gadeversekering	1,25 x pensioengewende salaris
Enkelebedrag ongeskiktheidsvoordeel	3 x pensioengewende salaris

NG Lynnwood
Sussexlaan 439, Lynnwood
GPS: S25°45.96 E28°15.93
E-pos : theo@pensioene.co.za;
Tel : 012 342 0415

Die premies vir bogenoemde voordele is soos volg: (teenoor Maart 2021 se premies):

Voordeel	Premies soos op 1 Maart 2021	Nuwe premies miv 1 Maart 2022 (Persentasie van pensioengewende salaris)
Groeplewensversekering (begrotingsitem)	1,335%	1,335% Werkgewer betaal 50% en lid betaal 50%
Gadeversekering (begrotingsitem)	0,2250%	0,2250% Lid betaal ten volle
Enkelbedrag ongeskiktheid (begrotingsitem)	0,5420%	0,5420% Werkgewer betaal ten volle
Ongeskiktheidsinkomste (nie begrotingsitem nie)	1,0820%	1,0820%
Sterftevoordeel binne die Fonds (nie begrotingsitem nie)	1,4450%	1,4450%

Waar daar ‘n begrotingsitem aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal.

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2022 vir werkgewers en werknemers (bly onveranderd):

	Bydraekategorie						
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
Werknemer-bydrae	4,2%	5%	6,1%	7%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	9,3%	10%	11,4%	13%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	13,5%	15%	17,5%	20%	22,5%	25%	27,5%

Kategorie 2: Amptenare

Net soos vir die Predikante (omdat die Fonds nou as één hanteer word) is die goeie nuus dat ná die jongste hersiening van die voordele en kostes ontvang is, daar geen verandering van laas jaar Maart is nie. Vir begrotingsdoeleindes, kan u dieselfde premies vir alle voordele gebruik soos dit tans op die web verskyn.

Volledigheidshalwe word hierdie inligting hieronder in tabel-formaat herhaal. Die veelvoud van voordele bly dieselfde soos vir 2021. Daar is egter een belangrike voordeel wat bygevoeg is vir amptenare. Miv 1 Oktober 2020 en dus ook vir die toekoms vir solank as wat die voordeel geld, kan amptenare ook hul groep- en gadeskemas ná aftrede voortsit. Hierdie word ‘n voortsettingsopsie genoem is van toepassing op die “nie-goedgekeurde” skemas. Geen bewys van mediese gesondheid word geverg nie. Kontak gerus die pensioenkantoor vir meer besonderhede.

Tipe Voordeel	Voordeel betaalbaar
Sterftevoordeel binne Fonds ("goedgekeurde" voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)	3 x pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris
Groeplewensversekering ("nie-goedgekeurde" voordeel en wat belastingvry uitbetaal)	2 x pensioengewende salaris
Gadeversekering	1 x pensioengewende salaris
Enkelebedrag ongeskiktheidsvoordeel	3 x pensioengewende salaris

Die premies vir bogenoemde voordele is soos volg: (teenoor Maart 2021 se premies):

Voordeel	Premies soos op 1 Maart 2021	Nuwe premies miv 1 Maart 2022 (Persentasie van pensioengewende salaris)
Groeplewensversekering ("goedgekeurde" voordeel - nie-begrotingsitem)	1,2690%	1,2690% Word van werkgewer bydraes verhaal
Gadeversekering (begrotingsitem)	0,972%	0,972% Lid betaal ten volle
Enkelbedrag ongeskiktheid (begrotingsitem)	0,156%	0,156% Werkgewer betaal ten volle
Ongeskiktheidsinkomste (nie begrotingsitem nie)	1,0820%	1,0820%
Sterftevoordeel buite die Fonds (begrotingsitem)	0,8260%	0,8260%

Waar daar 'n begrotingsitem aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal.

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2022 vir werkgewers en werknemers (bly onveranderd):

	Bydraekategorie					
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
Werknemer-bydrae	Gesluit	7,5%	5%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	Gesluit	13%	8,5%%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	**Gesluit**	**20,5%**	**13,5%**	**22,5%**	**25%**	**27,5%**

Algemeen: vir beide Predikante en Amptenare

Let asseblief daarop dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die verhoogde bydraes en/of premies is betaalbaar einde Maart, geldig vanaf 1 Maart. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die bydraes laastens teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen 'n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

Alle werkgewers/predikante en amptenare het die keuse om miv 1 Maart 2022 pakkette te struktureer, gegewe enige verhogings wat toegestaan is.

U kan opskuif na 'n hoër of laer bydraekategorie in Maart en September van elke jaar.

Die Fonds se operasionele koste (administrasie en konsultasie)

Omdat hierdie kantoor baie navrae kry oor die administrasie, konsultasie en ander kostes verbonde aan die bedryf van die Fonds (soos dit op die *retirementfundweb* beskikbaar is) gee ek graag hierdie koste ook aan u. Hierdie kostes word volgens wet van die werkgewer se bydraes verhaal. (Hierdie is nie 'n begrotingsitem nie):

Komponent	Premie/koste vir Maart 2021	Premie/koste vanaf Maart 2022
Sanlam Administrasie (Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare)	0,2532%	0,2595% (effe hoer)
Konsultasie (Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare)	0,1490%	*0,1490% (bly dieselfde)
Gebeurlikheidsreserwe rekening heffing ("CRA levy")	R3,00 per lid per maand	R3,00 per lid per maand

* Daar word 'n fooi betaal aan die beleggingskonsultant van die Fonds wat nie hierby ingesluit is nie. Hierdie bedrag word nie uitgedruk as 'n persentasie van salaris nie maar wel as 'n persentasie van bates. Die opbrengs op die bates word altyd weergegee as netto van kostes (met ander woorde, nadat die kostes verhaal is). Met ingang van 1 Maart 2022 beloop hierdie fooi 0,0115% van bates. (Effe goedkoper).

Sanlam hef ook 'n beleggingsfooi (batebestuursfooi) en vir die afgelope paar jaar beloop hierdie 0,73% van bates vir die *Lifestage Accumulation Portfolio*. (Hierdie is die verstek portefeulje). Lede wat hul eie portefeuljes kies, is onderworpe aan 'n ander fooistruktuur. Hierdie fooie is op die web beskikbaar.

Die Fonds se bedryfskoste (kantoor en bestuur)

Vir etlike jare, word die bedryf van die pensioenkantoor en die bestuurskomitee, befonds deur gelde wat vir hierdie doel geoormerk is. Die gelde wat tans vir hierdie doeleindes belê word, sal nog een keer aangevul word met die likwidasie van die CGP en spesifiek uit 'n gedeelte van die werkgewer-surplus rekening.

(*Lede van die Amptenare Pensioenfonds (APF) wat op 1 Oktober 2013 lid van die Fonds was, het hierdie "agterskot" betalings reeds ontvang. Vroeg in 2022, sal predikante hul aandeel ontvang).*

Die fondse wat op hierdie manier bekom is vir die bedryf van die kantoor en verwante uitgawes, is nie onuitputlik nie en daarom het die bestuurskomitee reeds in 2020 besluit dat elke werkgewer 'n nominale fooi moet oorbetaal ter befondsing van die bedryf van die kantoor. Die bestuurskomitee het in 2021 besluit dat hierdie fooi R100 per maand per werkgewer sal wees waar daar aktiewe lede in diens is. Die bankrekening waarin dit betaal moet word, is in die laaste omsendskrywe van 2021 gekommunikeer. Dit is soos volg:

- Rekeningnaam: NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds
- Rekeningnommer: 41-0240-3942
- Tipe rekening: Tjek
- Tak naam: ABSA Sandton City
- Tak nommer: 632005

U kan gerus vir Me Classina Cornelius (voorheen van Goudland Sinode) kontak vir meer besonderhede. Sy sal die inbetalings monitor per werkgewer-lys van elke sinode. Haar epos adres is savannahpayroll@gmail.com

Ek het na aanleiding van laasjaar se skrywe, enkele navrae gehad oor die lewering van fakture. Ons sal vir elke gemeente een keer per jaar 'n "rekening" stuur sodat kerkrade en instellings teenoor 'n faktuur betalings kan magtig.

Aangesien die heffing geldig is vanaf 1 Julie 2021, het u het die keuse om dit met die Februarie 2022 betaallopie eenmalig vanaf 1 Julie 2021 oor te betaal, of om dit enige tyd daarna oor te betaal totdat u op datum is. Daarna, met ingang van 1 Maart 2022, kan u dit maandeliks oorbetaal of as 'n lompsom vir die jaar vooruit. Die heffing sal vir die afsienbare toekoms nie verhoog word nie.

Begrafnisskema vir Predikante

Predikante sal moontlik onthou dat ek in my omsendskrywe 6 van 2021 (net aan hulle gerig) hulle mening wou toets oor die instelling van 'n begrafnisskema vir hulle ook (amptenare deel reeds in hierdie skema). Die terugvoer van nagenoeg twintig predikante was teleurstellend min maar almal wat wel terugvoer gegee het, was positief oor die instelling van die skema.

Tydens die vergadering van die Bestuurskomitee van 26 November, wou die komitee nie 'n besluit hieroor neem nie gegewe die klein getal van lede wat reageer het en het soos volg besluit:

Dat daar aan predikante gekommunikeer word dat die begrafnisskema met ingang van 1 Maart 2022 ingestel sal word mits daar min tot geen besware is (met ander woorde, dit sal aanvaar word dat die oorgrote meerderheid van predikante hiertoe instem).

Tot op datum van hierdie skrywe, is daar geen besware hieroor ontvang nie en daarom gaan die skema vir predikante ook ingestel word miv 1 Maart 2022. Die dekking vir predikante sal R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade wees en R10 000 per kwalifiserende kind op 'n glyskaal van ouderdom. Die premie hiervoor is R30,00 per predikant per maand en belangrik, die dekking gaan voort na aftrede. 'n Aparte skrywe sal eersdaags uitgestuur word om meer detail te gee asook die inligting wat benodig word van elke gade. Die gedagte is dat predikante hierdie self betaal (soos die geval is met die gadeversekering) maar dit hang van elke gemeente af hoe hulle dit wil befonds.

Begrafnisskema vir Amptenare

Tydens dieselfde vergadering van 26 November, het die Bestuurskomitee besluit dat die begrafnisdekking vir alle amptenare, opgeskuif word na R15 000 per hooflid en kwalifiserende gade en 'n glyskaal vir kwalifiserende kinders. Die premie hiervoor is R16,80 per amptenaar vir solank die lid in diens is en R30,00 (soos vir predikante) vir voortsetting na aftrede. Daar sal eersdaags meer hieroor gekommunikeer word.

Korrektheid van data en begunstigde benoemingsvorms

Saakgelastigdes/skribas/administrateurs by gemeentes en instellings wat gelas is met die oorbetaling van maandelikse bydraes en premies op die web, moet asseblief verseker dat hul leraars/amptenare se persoonlike besonderhede op die web korrek is aangesien hulle by magte is om dit te verander. Dit is krities belangrik dat lede se selfoonnommers en e-posadresse op die web aangebring word aangesien dit in die toekoms 'n belangrike manier gaan wees om elektronies, direk met lede te kommunikeer. Daar kan reeds miv Oktober 2018, begunstigde benoemingsvorms direk op die web gelaai word, maar dan moet die lid self dit doen nadat hy/sy op die web geregistreer is. Dit sou tog

raadsaam wees om steeds ‘n harde kopie van hierdie vorm by u kantoor op leêr te hou. (Indien u navrae oor die web het, skakel gerus die webspan by 0861 223 646).

Beleggingsopbrengs

Lede wat reeds op die web geregistreer is en hul fondswaardes noukeurig dophou, sou gemerk het dat die Fonds se beleggingsopbrengs heelwat beter vertoon as gedurende 2021. Die markte se opbrengste is egter wisselvallig en ‘n goeie maand of kwartaal is nie noodwendig ‘n aanduiding van die jaar vorentoe nie. Die vierde golf van die virus (Omicron) was ‘n tydelike terugslag maar die wêreld besef dat ander markkragte ook ‘n rol speel. Suid-Afrika sa waarskynlik die teenwerking van inflasie sien in die stelselmatige verhoging van die aankoopkoers.

Volgens die lewenssiklus-model van beleggings volgens ouderdom, word jonger lede op die langer termyn goeie blootstelling aan groeibates gebied (*Accumulation Portfolio*) terwyl ouer lede beskerm word deur hul geld geleidelik in ‘n waarborg portefeulje (*Stable Bonus Portfolio*) te plaas.

Die Bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds is steeds gemaklik dat die lewenssiklusmodel van beleggings die beste uitkomste vir lede op die langer termyn bied. Detail oor elke portefeulje se blootstelling aan bateklasse, risiko, opbrengs ensovoorts, is op die web beskikbaar.

Die Kantoor

Soos vantevore gekommunikeer, word die pensioenkantoor by NG Lynnwood gehuisves. Kontakbesonderhede bly dieselfde soos in die NG Kerk Jaarboek gepubliseer.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH
PENSIOENFONDSBESTUURDER